

Sojabone presteer in verre Noordwes

Pannar se reeks sojaboonkultivars toon jaar ná jaar hul staal. Vanjaar het PAN 1583R ook in Noordwes goed gepresteer.



Mnr. Dirk Janse van Rensburg glimlag breed op Pannar se sojaboonboeredag wat vanjaar op sy plaas naby Skuinsdrif aangebied is. Dit is pragtige wêreld hierdie, net noordoos van Groot-Marico in die hartjie van die Bosveld. Dirk plant sy sojabone onder besproeiing aan en pas bewaringsbewerking toe.

“Ons het die sojabone begin Desember geplaat nadat ons in die winter koring op daardie land gehad het. Ek pas bewaringsbewerking toe op die land en gebruik ’n Orthman-strookbewerker waarna ons die sojabone tussen die koringstoppels plant.”

Dirk glo in vogbewaring op sy lande. Hy sê deur strookbewerking toe te pas, word die koolstofvlakke in die grond ook verhoog. “Ek pas sover moontlik biologiese boerderyprosesse toe. Ek glo ons sien die voordeel daarvan omdat ons die beskikbare vog optimaal kan benut.”

Dirk meen deurdat hy strookbewerking toepas, verminder hy die omdraai tyd om die volgende oes aan te plant nadat die vorige een gestroop is. Hy beoog om ná die sojabone enige van koring, tabak of mielies op die land aan te plant. “Ek volg ’n sterk wisselbouprogram om my grond so doeltreffend moontlik te benut.”

Met vanjaar se sojaboon-aanplanting het Dirk 100 kg sojaboonseed per hektaar aan geplant. Soos talle ander sojaboonboere glo

BO: Belangstellendes wat die Pannar-sojaboonboeredag op Skuinsdrif bygewoon het, is, van links, Casper van der Merwe, Jaco Pretorius, Wikus Ackerman, Wiehann Erasmus, Anneke van der Merwe, Grethe Horn, Jan-Hendrik Horn, El le Grange, verkoopsvertegenwoordiger van Pannar Saad, Corné van der Westhuizen, landboukundige, Danie Robbertse, Johan de Bruin, Andries Coetzee, die twee broers Frits en Dirk Janse van Rensburg, Jacques Kalcic, George Nel, Buks van Helsdingen en Tonie Loots.

BO REGS: Me. El le Grange, Pannar se verteenwoordiger op Skuinsdrif, en mnr. Dirk Janse van Rensburg in ’n aanplanting PAN 1583R. Let op die uitstekende peulhoogte, wat stroop vergemaklik.

Dirk dat die vorige jaar se bemesting as huidige bemesting vir sy sojabone dien. “Jou bemestingsprogram vir sojabone begin eintlik die vorige seisoen al. Al wat ek ná blom vir die sojabone gegee het, was ’n blaarvoeding en ’n biologiese produk vir die bestryding van die swamme.”

Dirk het vanjaar hoofsaaklik op besproeiing staatgemaak. Hy het eers einde Februarie noemenswaardige reën gekry. Nogtans het PAN 1583R 3,67 ton/ha gelewer. Hy sê 2012/13 was ’n veel beter jaar vir sojabone op Skuinsdrif aangesien hy van dieselfde kultivar net meer as 6 ton/ha gestroop het.

“My verhouding met Pannar duur al langer as drie jaar en ek is uiters tevrede met hul hulpvaardigheid en diens. Dit is vir my ’n riem onder die hart om met so ’n onderneming sake te doen,” sê Dirk. **LBW**

STABIELE KULTIVAR

PAN 1583R WYD AANGEPAS

Pannar se sojaboonkultivar PAN 1583R is ’n stabiele kultivar wat ’n goeie opbrengs in al die produksiestreke lewer. Dit is dan ook geen wonder nie dat dit ’n gewilde sojaboonkultivar is wat in hoë plantpopulasies en in nou rye aangeplant kan word. Die kultivar het ’n goeie staanvermoë en is ’n kort planttipe.

Pannar het toegang tot die beste kommersiële sojaboonkultivars en pre-kommersiële lyne van oor die hele wêreld. Hierdie bronne van kiemplasma word deurlopend teen die plaaslik geteelde kultivars vir prestasie en aanpasbaarheid in uiteenlopende toestande getoets. Pannar se beleid is om die beste kultivars moontlik in die plaaslike mark beskikbaar te stel, ongeag van waar hulle kom.

NAVRAE: Bel Pannar se naaste verteenwoordiger of landboukundige. Hoofkantoor: tel. **033 413 9500**; e-pos: **infoserve@pannar.co.za**



Saam boer ons vir die toekoms™